	%	27,4		57,8		14,8								100,0			
TOTAAL	N	612	100,0	1997	100,0	12169	100,0	6250	100,0	3527	100,0	1637	100,0	747	100,0	45792	100,0
	%	1,3		41,2		26,6		18,0		7,7		3,6		1,6		100,0	

(Vervolg)

TABEL 3.15 (VERVOLG)

(b) Mannskrag- en Siersuistelewens

Beroep	Onderwyspeil												Totaal			
	1		2		3		4		5		6		7		N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
01	N		65	1,2			461	3,3	508	10,9	1711	83,1	445	49,9	3190	7,0
	%		2,0			14,5		15,9			53,6		14,0		100,0	
02	N					1979	14,3	660	14,2	290	14,1	298	33,5	3227	7,0	
	%					61,3		20,5		9,0	9,2		9,2		100,0	
03	N							29	0,6	57	2,6			86	0,2	
	%							33,7		66,3				100,0		
04	N						86	0,6	86	1,9			42	4,7	214	0,5
	%						40,2		40,2				19,6		100,0	
05	N			1064	5,8		3167	23,0	2052	44,0					6373	13,9
	%			16,7			50,0		32,2						100,0	
06	N		1238	23,3	2478	13,5	945	6,8	140	3,0					4801	10,5
	%		25,8		51,6		19,7		2,9						100,0	
07	N		61	1,2	32	0,2	56	0,4							151	0,3
	%		40,4		21,2		36,4								100,0	
08	N		549	83,2	3719	69,9	1755	9,6	278	2,0	70	1,5			6371	13,9
	%		8,6		56,4		27,5		4,4		1,1				100,0	
09	N		1	0,0											1	0,0
	%		100,0												100,0	
10	N				12780	69,7	6797	49,0	1082	23,2					20396	45,2
	%				61,8		32,8		5,2						100,0	
11	N				163	0,9	79	0,6	34	0,7					276	0,6
	%				59,1		28,6		12,3						100,0	
12	N		111	16,8	236	4,4	60	0,3							407	0,9
	%		27,3		59,0		14,7								100,0	
TOTAAL	N		660	100,0	5320	100,0	18332	100,0	13870	100,0	4661	100,0	2058	100,0	45792	100,0
	%		1,4		11,6		40,0		30,3		10,2		4,5		2,0	

TABEL 3.16
 ONDERWYSPLEKSAFSTELLING VAN DIE SANTOEMANG VOLGENS BEROEP IN DIE JAAR 1980
 (a) Mannetragslegiemens

Beroep	Onderwyspeil												Totaal											
	1			2			3			4			5			6			7					
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
01	N		566	0,0	14672	9,9	6676	28,1	6768	85,0	1121	68,5	29803	0,6	100,0		49,2	22,4	22,7		1121	68,5	29803	0,6
	%		1,9																					100,0
02	N		3007	0,2	1760	0,3	1664	1,1	307	1,3	201	2,5	6869	0,1	100,0		43,7	25,3	2,9		307	2,5	6869	0,1
	%		43,7		25,3		23,7		4,4		2,9		100,0		100,0									100,0
03	N		821	0,0	505	0,1	409	0,3	1515	6,4	79	1,0	3329	0,0	100,0		24,6	15,2	2,4		1515	1,0	3329	0,0
	%		24,6		15,2		12,3		45,5		2,4		100,0		100,0									100,0
04	N		728	0,0	2266	0,1	4367	0,8	3747	2,5	1863	5,7	616	7,7	13512	0,3	5,4	16,8	32,3		1863	7,7	13512	0,3
	%		5,4		16,8		12,3		27,7		10,1		4,6		100,0									100,0
05	N		4080	0,2	28828	1,3	23564	4,2	15591	10,5	5755	24,2	77872	1,5	100,0		5,2	37,0	20,0		5755	24,2	77872	1,5
	%		5,2		37,0		30,3		20,0		7,4		0,1		100,0									100,0
06	N		6580	0,3	22482	1,0	11451	2,0	4671	3,1	438	1,9	45658	0,9	100,0		14,4	49,2	10,2		438	1,9	45658	0,9
	%		14,4		49,2		25,1		10,2		1,0		0,1		100,0									100,0
07	N		68893	2,9	140043	6,1	62748	11,1	22954	15,4	2263	9,5	293901	5,6	100,0		22,4	47,6	7,8		2263	9,5	293901	5,6
	%		31,1		47,7		21,4		7,8		0,8		100,0		100,0									100,0
08	N		104219	4,9	165781	7,2	56488	10,0	16638	11,2	726	3,1	347852	6,6	100,0		31,1	47,7	4,8		726	3,1	347852	6,6
	%		31,1		47,7		16,2		4,8		0,2		100,0		100,0									100,0
09	N		339810	15,3	184379	8,1	27111	4,8	5778	3,5	111	0,5	55700	10,6	100,0		33,1	33,1	0,9		111	0,5	55700	10,6
	%		61,1		49,9		4,9		0,9		0,0		1,4		100,0									100,0
10	N		231108	10,4	318886	13,9	77659	13,8	15726	10,6	1096	4,6	644475	12,3	100,0		35,9	49,5	2,4		1096	4,6	644475	12,3
	%		35,9		49,5		12,0		2,4		0,2		100,0		100,0									100,0
11	N		374548	16,7	714034	31,2	211037	37,5	33995	22,8	2533	10,7	1333147	25,3	100,0		27,9	53,5	2,6		2533	10,7	1333147	25,3
	%		27,9		53,5		15,8		2,6		0,2		100,0		100,0									100,0
12	N		1097671	49,3	707880	30,9	86769	15,4	13540	9,1	953	4,0	197004	36,2	100,0		57,6	37,1	0,7		953	4,0	197004	36,2
	%		57,6		37,1		4,5		0,1		0,0		100,0		100,0									100,0
TOTAAL	N		225637	100,0	225637	100,0	563459	100,0	148745	100,0	23735	100,0	29665	100,0	526022	100,0	442,3	10,7	2,8		1636	100,0	526022	100,0
	%		442,3		10,7		10,7		2,8		0,5		0,2		100,0									100,0

(Vervolg)

TABEL 3.1. (VERVOLG)
(b) Memeriac- en Sensusgegevens

Beroep	Orderwyspeel												Totaal					
	1		2		3		4		5		6		7		N	%		
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%				
01	N		485	0,0	11790	6,3	5365	24,2	5439	82,8	900	56,0	23949	0,5	100,0			
	%		1,9		49,2		22,4		22,7		3,8		100,0					
02	N		2678	0,1	1662	0,3	1562	1,1	290	1,3	189	2,9	6581	0,1	100,0			
	%		43,7		25,3		23,7		4,4		2,9		100,0					
03	N		922	0,0	568	0,1	459	0,3	1707	7,7	86	1,3	3738	0,1	100,0			
	%		24,6		15,2		12,3		45,5		2,4		100,0					
04	N		642	0,0	1998	0,1	3851	0,7	3304	2,3	1202	5,4	543	8,2	11914	0,2		
	%		5,4		16,8		27,7		10,1		4,6		3,1		100,0			
05	N		3991	0,2	23046	4,2	15249	10,7	5628	25,4			53	3,9	76162	1,4		
	%		5,2		37,0		20,0		7,4				0,1		100,0			
06	N		555	0,3	22398	1,0	11408	2,1	4654	3,3	436	2,0	36	2,6	45487	0,9		
	%		14,4		49,2		25,1		10,2		1,0		0,1		100,0			
07	N		56424	2,9	141172	6,2	63254	11,4	23139	16,3	2261	10,3	296270	5,6	100,0			
	%		22,4		47,6		21,4		7,8		0,8		100,0					
08	N		94742	4,2	147337	6,5	49480	9,0	11163	10,0	610	2,7	306332	5,8	100,0			
	%		30,9		48,1		16,2		4,6		0,2		100,0					
09	N		333405	14,8	180905	7,9	29300	4,8	5080	3,6	109	0,5	109	1,7	546208	10,4		
	%		61,1		33,1		4,9		0,9		0,0		0,0		100,0			
10	N		232228	10,3	320431	14,1	78035	14,2	15902	11,1	1101	5,0	647597	12,3	100,0			
	%		35,9		49,5		12,0		2,4		0,2		100,0					
11	N		352837	15,6	678076	29,8	200410	36,4	32283	22,8	2005	10,9	1266010	24,1	100,0			
	%		27,9		53,5		15,8		2,6		0,2		100,0					
12	N		1168453	51,7	753526	33,1	92364	16,8	14413	10,2	1015	4,6	2029574	38,5	100,0			
	%		57,6		37,1		4,5		0,7		0,1		100,0					
TOTAAL	N		2259277	100,0	2278292	100,0	550678	100,0	141898	100,0	22143	100,0	6571	100,0	1863	100,0	526022	100,0
	%		43,0		43,3		10,5		2,7		0,4		0,1		0,0		100,0	

TABEL 3.17
 ONDERWYSPELTSAMESTELLING VAN DIE BANTOEVROIE VOLGENS BEROEP IN DIE JAAR 1980
 (a) Mannekraggegevens

Beroep	Onderwyspeil														Totaal	
	1		2		3		4		5		6		7		N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
01	N	%	388	0,0	4812	1,2	27247	18,0	3886	25,2	3275	73,6	39609	1,6	100,0	
	%		1,0	12,1		66,8		8,3								
02	N	%	2383	0,3	3081	0,3	4901	1,2	39903	26,4	7360	47,8	1062	23,8	58690	2,4
	%		4,1	8,4		68,0		1,8							100,0	
03	N	%			383	0,0	55	0,0					438	0,0	100,0	
	%				87,4		12,6						100,0			
04	N	%	264	0,0	295	0,0	264	0,1	280	0,2	85	0,6	117	2,6	1431	0,1
	%		18,4		20,6		18,4		19,6		6,0		8,2		100,0	
05	N	%	3	0,0	1838	0,2	3451	0,9	5200	3,4	1051	6,8			11543	0,5
	%		0,0		15,9		29,9		45,1		9,1				100,0	
06	N	%	935	0,1	10598	0,9	14552	3,7	6605	4,4	450	2,9			33140	1,4
	%		2,8		32,0		43,9		19,9		1,4				100,0	
07	N	%	563	0,1	784	0,1	1786	0,4	578	0,4					3723	0,2
	%		15,1		21,3		48,0		15,6						100,0	
08	N	%	25980	35,8	535430	45,9	216317	54,6	40871	27,0	1110	7,2			1063529	43,2
	%		24,7		50,8		20,5		3,9		0,1				100,0	
09	N	%	27	0,0											27	0,0
	%		100,0												100,0	
10	N	%	12192	1,7	63026	5,5	50135	12,7	14301						139654	5,7
	%		8,7		45,1		35,9		10,3		9,4				100,0	
11	N	%	23162	3,2	40548	3,5	18860	4,8	2562	1,7	557	3,6			85689	3,5
	%		27,0		47,3		22,0		3,0		0,7				100,0	
12	N	%	420355	58,8	487841	42,6	80768	20,4	13731	9,1	909	5,9			1009605	41,4
	%		42,2		48,3		8,0		1,4		0,1				100,0	
TOTAAL	N	%	725696	100,0	1144222	100,0	395903	100,0	151278	100,0	15408	100,0	4455	100,0	2437078	100,0
	%		29,8		47,0		15,2		6,2		0,6		0,2		100,0	

(vervoig)

TABEL 3. 17 (VERVOLG)

(b) Mannekrag- en Sensusgegevens

Beroep	Onderwysbeil														Totaal	
	1		2		3		4		5		6		7		N	%
	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%	N	%		
01	N 348	% 1,0	N 24412	% 17,0	N 3481	% 9,0	N 2935	% 8,3	N 24,4	% 73,5	N 111	% 8,5	N 103	% 2,5	35488	1,4
02	N 2139	% 4,1	N 2764	% 5,2	N 4396	% 6,4	N 35805	% 25,0	N 5604	% 12,5	N 953	% 1,8	N 422	% 100,0	52654	2,2
03	N 369	% 8,4	N 369	% 0,0	N 53	% 0,0	N 12,6	% 0,0	N 0,0	% 0,0	N 0,0	% 0,0	N 0,0	% 0,0	422	0,0
04	N 231	% 19,4	N 259	% 20,6	N 18,4	% 0,0	N 232	% 0,1	N 242	% 0,2	N 19,6	% 0,1	N 103	% 8,2	1256	0,1
05	N 4	% 0,0	N 1891	% 15,9	N 3552	% 29,9	N 45,1	% 0,1	N 5351	% 3,7	N 1082	% 9,1	N 401	% 2,8	11880	0,5
06	N 832	% 2,5	N 9429	% 32,0	N 43,9	% 0,8	N 12546	% 3,3	N 5875	% 4,1	N 19,9	% 1,4	N 401	% 2,8	29484	1,2
07	N 553	% 15,1	N 794	% 21,3	N 1789	% 48,0	N 21,3	% 0,1	N 578	% 0,5	N 15,6	% 0,1	N 3724	% 100,0	3724	0,2
08	N 257388	% 35,2	N 528672	% 46,0	N 212789	% 54,0	N 39512	% 27,9	N 1066	% 7,5	N 0,1	% 0,0	N 1039827	% 100,0	1039827	42,7
09	N 12041	% 8,7	N 62247	% 45,1	N 35,9	% 0,1	N 14123	% 9,9	N 10,3	% 0,0	N 658	% 0,7	N 4,6	% 0,0	137926	5,6
10	N 27344	% 27,0	N 47,3	% 0,0	N 22265	% 5,5	N 3025	% 3,0	N 2,1	% 0,0	N 658	% 0,7	N 4,6	% 0,0	101164	4,1
12	N 432115	% 42,2	N 494431	% 48,3	N 81859	% 20,8	N 13917	% 9,7	N 921	% 0,1	N 6,4	% 0,0	N 1023243	% 100,0	1023243	42,0
TOTAAL	N 732657	% 30,0	N 1145075	% 47,1	N 393711	% 16,2	N 743246	% 5,9	N 14287	% 0,6	N 100,0	% 0,0	N 3991	% 0,2	N 2637078	% 100,0

HOOFSTUK 4

VERGELYKING TUSSEN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN MANNEKRAG IN DIE RSA IN DIE JAAR 1980

4.1 INLEIDING

In die eerste deel van die huidige studie (22) wat alreeds gepubliseer is, is 'n raming van die grootte van die arbeidsmag (aanbod van mannekrag) van die RSA vir elke volksgroep volgens ouderdom en geslag vir 1980, 1990 en die jaar 2000 gemaak. Verder is ook 'n raming gemaak van die onderwyspeil waarvoor die aanbod in die jaar 1980 sal beskik.

In hierdie deel van die studie (Deel II) is 'n raming van die vraag na arbeid vir die verskillende volksgroepe volgens beroep, geslag, ekonomiese sektor en onderwyspeil vir die jaar 1980 gemaak. Die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA kan dus nou op 'n onderwyspeilgrondslag vergelyk word.

In hierdie hoofstuk van die verslag word die uitslag van die raming van die vraag na en aanbod van mannekrag bespreek. Vir die interpretasie van die gegewens is dit egter nodig dat die vernaamste uitgangspunte genoem en die redes vir sekere oënskynlike eienaardighede in die syfers kortliks verduidelik word.

Daar moet beklemtoon word dat hierdie studie geensins poog om profeties te wees nie, met ander woorde, daar word NIE geraam wat die mannekrag situasie in 1980 sal wees nie, maar daar word aangetoon wat kan gebeur as die tendense van die periode 1960-1971 sou voortduur. Enige veranderinge in die ekonomiese klimaat, regeringsbeleid, druk op sekere sektore van die ekonomie en veranderinge in die vraag na sekere volksgroepe en geslagte sal natuurlik neig om hierdie tendense te verander.

Aan die een kant moet die normale wisselwerking tussen vraag en aanbod aanvaar word, maar daar moet ook besef word dat die arbeidsmark, in 'n ekonomiese sin, 'n besonder gebrekkige en onvolmaakte mark is.

Die tekorte en surplusse in die tabelle wat volg moet gesien word teen die agtergrond van die wisselwerking tussen (a) die beroepstruktuurveranderinge gedurende die periode 1960-1971, (b) die groei van die vraag in spesifieke sektore, (c) deelname in 'n sektor en (d) die onderwyspeil van die werkers in 'n beroep en sektor.

Dit is ook belangrik om te onthou dat die gevolgtrekkings en afleidings wat gemaak word, gebaseer is op die veronderstelling dat die hoë ekonomiese groeikoers van 6,4 persent soos in die EOP in vooruitsig gestel, gerealiseer sal word. Indien die RSA deelgenoot sou word aan die algemene ekonomiese insinking van die meeste Westerse lande, kan die situasie ingrypend verander. Veral die Fabriekswesesektor is 'n gevoelige een in hierdie opsig wat indiensneming betref.

In tabel 4.1 word 'n vergelyking getref tussen die vraag na en aanbod van die arbeidsmag in 1980 volgens volksgroep en geslag. Voordat die surplusse en/of tekorte bespreek word, moet gemeld word dat

- (a) die metode van projeksies deurgaans 'n konserwatiewe raming van veranderinge lewer,
- (b) die foutgrense van die ramings in die studie as gevolg van gebreke in basiese gegewens en teoretiese uitgangspunte redelik ruim is, sodat geen aandag geskenk word aan kleiner verskille tussen vraag en aanbod van mannekrag nie, en
- (c) die raming van die grootte van die Blanke arbeidsmag in 1980 met 'n netto immigrasiewins van 20 000 per jaar gemaak is.

Tabel 4.1 toon dat daar geraam word vir 'n tekort van ongeveer 'n kwartmiljoen werkers in 1980. In dié verband moet gemeld word dat die raming nie voorsiening maak vir die aanwesigheid van vreemde Bantoes binne die grense van die RSA nie en dat hulle dus nie in die raming van die aanbod ingesluit is nie. In 1970 was daar dan ook inderdaad ongeveer 450 000 vreemde Bantowerkers in die RSA.

Een enkele syfer wat die tekorte of surplusse van die verskillende volksgroepe volgens geslag aantoon is nie voldoende nie. Tabelle 4.2 tot 4.5 tref 'n vergelyking van die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA volgens volksgroep, geslag en onderwyspeil. Die tabelle toon dat daar soms aansienlike verskille tussen die twee vraagramings (mannekragopnames en mannekragopnames plus bevolkingsensusgegewens) voorkom. Die verskille kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat persone gedurende die sensusopname waarskynlik geneig is om hulle beroepe "op" te gradeer, terwyl die werkgewers waarskynlik neig om die teenoorgestelde in die mannekragopnames te doen.

TABEL 4.1

VERGELYKING TUSSEN VRAAG NA EN AANBOD VAN DIE ARBEIDSMAG IN DIE
RSA IN DIE JAAR 1980 VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG

Volksgroep en Geslag		Aanbod (a)	Vraag (b)	Tekorte/ Surplusse		% van die totale arbeidsmag volgens volksgroep
				Aanbod-Vraag (a) - (b)		
				N	%	
Blankes	M	1290275	1311402	- 21127	- 1,6	-0,2
	V	588921	618498	- 59577	-10,7	-0,6
	T	1849196	1929900	- 80704	- 4,4	-0,8
Kleurlinge	M	663861	586894	+ 76967	+11,6	+0,7
	V	350248	395869	- 45621	-13,0	-0,4
	T	1014109	982763	+ 31346	+ 3,1	+0,3
Asiërs	M	197220	211745	- 14525	- 7,4	-0,1
	V	45857	45792	+ 65	+ 0,1	0,0
	T	243077	257537	- 14460	- 5,9	-0,1
Bantoes	M	4940503	5260222	-319719	- 6,5	-3,0
	V	2565315	2437078	+128237	+ 5,0	+1,2
	T	7505818	7697300	-191482	- 2,6	-1,8
TOTAAL	M	7091859	7370263	-278404	- 3,9	-2,6
	V	3520341	3497237	+ 23104	+ 0,6	+0,2
	T	10612200	10867500	-255300	- 2,4	-2,4

Vervolgens word die uitslag van die raming vir die verskillende volksgroepe kortliks bespreek.

4.2 BLANKES

Volgens tabel 4.2 word daar 'n tekort van 80 704 Blanke werkers in die jaar 1980 geraam. Die grootste tekorte kom voor by die hoër onderwyspeile, naamlik st.10 en hoër, terwyl by die laer onderwyspeile (st. 9 en laer) surplusse ontstaan. Hierdie surplusse is hoofsaaklik afkomstig van die Blanke mans.

4.2.1 Blanke mans

Tabel 4.2 toon dat daar globaal 'n tekort van 21 127 Blanke mans in die jaar 1980 sal ontstaan. Alhoewel daar tekorte by die getal mans in die hoër onderwyspeile (st. 10 en hoër) bestaan, is daar aansienlike surplusse by die laer onderwyspeile (st. 9 en laer) te bespeur. Met die eerste oogopslag kom hierdie syfers baie eienaardig voor. Indien die beroepstruktuurveranderinge en sektorale groei gedurende die periode 1960 tot 1980 van nader beskou word, kan hierdie syfers egter verklaar word.

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings vir Blanke mans:

- (a) Die persentasie professionele, semi-professionele en tegniese werkers (beroepsgroepe 1-13) neem sterk toe.
- (b) Die persentasie uitvoerende en besturende werkers neem ook sterk toe.
- (c) Die persentasie manlike klerke neem af.
- (d) Die persentasie vervoer- en kommunikasiewerkers neem af.
- (e) Die persentasie ambagsmanne en produksiewerkers daal effens.

Indien die arbeidsmag van die Blanke mans volgens ekonomiese sektore ontleed word (tabel 3.2) word daar gevind dat 81 persent van die arbeidsmag in die Dienste- en Finansieringsektor (33,4%), Fabriekswesesektor (19,6%), Vervoer- en Kommunikasiesektor (14,0%), en die Handelsektor (13,9%) geëmployeer word. Die grootste persentasie van die professionele, semi-professionele en tegniese werkers, besturende en administratiewe werkers is juis in die eerste twee sektore geleë en soos reeds gemeld, het die vraag na hierdie werkers sterk toegeneem. Die meeste van hierdie persone (tussen 70% en 80%) beskik oor 'n formele skolastiese opleiding van st.10 en hoër wat dus die tekorte aan persone met onderwyspeil 5 tot 7 verklaar.

TABEL 4.2

VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN BLANKEARBEID IN DIE RSA VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1980

(a) Mans

Onderwyspeil	Aanbod	Vraag volgens		Verskil	
		Mannekrag	Mannekrag en Sensus	Mannekrag N	Mannekrag en Sensus %
1	1053	1428	1429	- 375	-35,6
2	30174	27757	26312	+ 2417	+ 8,0
3	321800	303406	301188	+18394	+ 5,7
4	415449	394986	405134	+20463	+ 4,9
5	339467	349898	360850	-10431	- 3,1
6	100601	127538	117153	-26937	-26,8
7	81731	106389	99336	-24658	-30,2
TOTAAL	1290275	1311402	1311402	-21127	- 1,6

(b) Vroue

1	124	183	179	- 59	-47,6
2	3169	3785	3778	+ 616	+ 19,4
3	93864	91250	92366	+ 2614	+ 2,8
4	225959	245960	244664	-20001	- 8,9
5	158424	189358	186693	-30934	-19,5
6	56732	63054	65091	- 6322	-11,1
7	20649	24908	25727	- 4259	-20,6
TOTAAL	558921	618498	618498	-59577	-10,7

(c) Gesamentlik

1	1177	1611	1608	- 434	-36,9
2	33343	31542	30090	+ 1801	+ 5,4
3	415664	394656	393554	+21008	+ 5,1
4	641408	640946	649798	+ 462	+ 0,1
5	497891	539256	547543	-41366	- 8,3
6	157333	190592	182244	-32859	-21,1
7	102360	131297	125063	-28917	-22,2
TOTAAL	1849196	1929900	1929900	-80704	- 4,4

By die laer onderwyspeile (laerskool tot st.9) toon tabel 4.2 'n surplus. Daar moet nie sonder meer aanvaar word dat die surplusse verwys na ambagsmanne en produksieproseswerkers nie. Indien genoemde vier ekonomiese sektore, wat 81 persent van die toekomstige Blanke-manlike arbeidsmag uitmaak, ontleed word, word gevind dat die vraag na ambagsmanne en produksiewerkers by al die sektore behalwe by die Fabriekswesesektor aansienlik gestyg het. Die styging in die totale vraag in die Fabriekswesesektor was ook relatief stadig. Alhoewel meer as 80 persent van die beroepsgroep oor 'n kwalifikasie van hoogstens st. 9 (onderwyspeil 4) beskik, kan dus slegs 'n gedeelte van die surplusse moontlik aan die relatief stadige toename (ambagsmanne en produksieproseswerkers) toegeskryf word.

In al vier ekonomiese sektore het die vraag na klerklike werkers egter geweldig afgeneem. Die kumulatiewe effek van hierdie tendens, tesame met die afname van veral vervoer- en verkoopswerkers in die Vervoer- en Kommunikasie- en die Handel= sektor respektiewelik, waar 80 persent of meer van hierdie werkers hoogstens oor st.9 beskik, bring mee dat vir surplusse by hierdie onderwyspeilkategorieë geraam word.

4.2.2 Blanke vroue

Tabel 4.2 wat die finale uitslag aandui van die vergelyking tussen die vraag na en die aanbod van die Blanke-vroulike arbeidsmag volgens onderwyspeil toon dat by alle onderwyspeile, behalwe by onderwyspeil 3 waar 'n geringe surplus bestaan, vir te= korte in die jaar 1980 geraam word.

Die laaste gedeelte van die periode 1960-1971 is gekenmerk deur 'n vry algemene tekort aan Blanke-manlike werkers. Hierdie tekort het veroorsaak dat die persentasie vroue in die arbeidsmag baie vinnig toegeneem het. Die projeksie van hierdie tendens is deels verantwoordelik vir die geraamde tekort aan Blanke vroue.

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings vir Blanke vroue:

- (a) Die persentasie professionele en semi-professionele werkers neem toe.
- (b) Die persentasie klerklike werkers neem toe.
- (c) Die persentasie verkoopswerkers neem af.
- (d) Die persentasie dienswerkers neem af.
- (e) Die persentasie ambagsmanne en produksiewerkers neem ook af.

Die grootste vraag na Blanke vroue (tabel 3.3), kom voor in die Dienste- en Finansieringsektor (58,9%), Handelsektor (21,8%) en die Fabriekswesesektor (11,1%) waar dus nagenoeg 92 persent van die Blanke-vroulike arbeidsmag geëmplojeer word. Die vraag na klerklike werkers is verreweg die grootste persentasie van elk van bogenoemde ekonomiese sektore en as daar in gedagte gehou word dat 85 persent en meer van hierdie werkers oor st.8 en hoër kwalifikasies beskik, kan tekorte in die hoër onderwyspeile verwag word.

Die geringe surplus aan Blanke vroue met onderwyspeil 3 (sts.6 en 7) sal moontlik by die verkoops- en dienswerkers en in 'n verdere mate by die ambagsmanne en produksiewerkers voorkom, aangesien 'n groot persentasie van hierdie werkers oor dié onderwyspeil beskik en die vraag na hierdie tipe werker afneem het, heel waarskynlik as gevolg van die beroepstruktuurveranderinge by die Nie-Blanke groepe.

4.3 KLEURLINGE

Tabel 4.3 toon dat vir 'n gesamentlike surplus van 31 346 Kleurlinge in die jaar 1980 geraam word afgesien van die feit dat vir 'n tekort van 45 621 Kleurlingvroue geraam word.

4.3.1 Kleurlingmans

Tabel 4.3 toon verder groot surplusse van Kleurlingmans in die laer onderwyspeile (st. 9 en laer) terwyl tekorte by die hoër onderwyspeile in die jaar 1980 aangedui word.

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings vir Kleurlingmans:

(a) Die persentasie ambagsmanne en operateurs in die vernaamste ekonomiese sektore het gestyg.

(b) Die persentasie in onderwysberoepes het geleidelik toegeneem.

(c) Die persentasie administratiewe en klerklike werkers het oor die projeksieperiode sterk toegeneem.

(d) Die persentasie arbeiders en boere en plaaswerkers het afgeneem.

Die grootste vraag na Kleurling-manlike arbeid is in die Fabrieksektor (26,9%), Dienste- en Finansieringsektor (21,3%), Landbousektor (20,9%) en die Bou- en Konstruksiesektor (11,5%), wat nagenoeg 81 persent van die arbeidsmag uitmaak.

TABEL 4.3
VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN KLEUPLINGARBEID IN DIE RSA VOLGENS ONDERWYSPETIL. IN DIE
JAAR 1980
(a) Mans

Onderwyspeil	Aanbod	Vraag volgens		Verskil		
		Mannekrag en Sensus	Mannekrag %	Mannekrag N	Mannekrag en Sensus %	
1	75150	101578	-24716	-32,9	-26428	-35,2
2	298739	256605	+36480	+12,2	+42134	+14,1
3	188021	142506	+47065	+33,4	+45515	+32,3
4	74377	56953	+20931	+39,2	+17414	+32,6
5	18809	16487	+3067	+16,3	+2322	+12,3
6	7168	10395	-4822	-67,3	-3227	-45,0
7	1597	2360	-1038	-65,0	-763	-47,8
TOTAAL	663861	586894	+76957	+11,6	+75967	+11,6

(b) Vroue

1	27971	35288	-8661	-31,0	-7317	-26,2
2	164642	180721	-28670	-17,4	-16079	-9,8
3	96490	97640	-4471	-4,6	-1150	-1,2
4	52786	70205	-3230	-6,1	-17419	-33,0
5	5269	7479	-594	-11,3	-2210	-41,9
6	2815	4140	-46	-1,6	-1325	-47,1
7	275	396	-51	-18,5	-121	-44,0
TOTAAL	350248	395869	-45621	-13,0	-45621	-13,0

(c) Gemiddeld

1	103121	136498	-33377	-32,4	-33745	-32,7
2	463381	437326	+7810	+1,7	+26065	+5,6
3	284511	240146	+42594	+15,0	+44365	+15,6
4	127163	127168	-17701	-13,9	-	0,0
5	24078	23956	+2473	+10,3	+5	0,0
6	9983	14535	-4868	-48,8	-4552	-45,6
7	1872	2756	-987	-52,7	-884	-47,2
TOTAAL	1014109	982763	+31346	+3,1	+31346	+3,1

Die geraamde tekort aan gediplomeerdes en gegraduateerdes is die gevolg van die projeksie van 'n skerp styging in veral die persentasie administratiewe en klerklike werkers, terwyl die styging in die persentasie onderwysers ook hierbo gedra het.

Die meeste Kleurlinge met 'n onderwyspeil waarvoor surplusse geraam is, werk in die Fabriekswese-, Dienste- en Finansiering- en Landbousektor. Alhoewel die vraag na ambagsmanne en operateurs in al hierdie sektore toegeneem het, het die vraag in die Fabriekswesesektor (waar die grootste persentasie ambagsmanne en operateurs geëmplojeer word) relatief stadig gestyg. Die feit dat die vraag na arbeiders in al die ekonomiese sektore, die dienswerkers in die Dienste- en Finansieringsektor en die boere en plaaswerkers in die Landbousektor sterk afgeneem het, tesame met die relatief stadige styging in die Fabriekswesesektor, veroorsaak die surplus mannekrag van Kleurlingmans met 'n relatiewe lae onderwyspeil.

4.3.2 Kleurlingvroue

Volgens tabel 4.3 word geraam vir 'n algemene tekort aan Kleurlingvroue van nagenoeg 45 000.

Die grootste vraag na Kleurlingvroue kom voor in die Dienste- en Finansieringsektor (61,5%) en die Fabriekswesesektor (30,0%) waar nagenoeg 92 persent van die vroulike arbeidsmag werksaam is.

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings by genoemde sektore:

- (a) Die persentasie dienswerkers het in die Dienste-sektor effens gedaal. By die ander sektore het die vraag na dienswerkers aansienlik toegeneem, met die gevolg dat die globale vraag na hierdie tipe werker gestyg het.
- (b) Die persentasie onderwyseresse het gestyg.
- (c) Die persentasie administratiewe en klerklike werkers het gestyg.
- (d) Die persentasie verkoopswerkers het gestyg.

Die tekort aan Kleurlingvroue by die hoër onderwyspeile is die gevolg van 'n vinnige toename in die vraag na onderwyseresse en administratiewe en klerklike werkers in die Dienstesektor, terwyl die tekorte by die laer onderwyspeile die gevolg kan wees van die geweldige toename in die vraag na operateurs in die Fabriekswesesektor, asook veral die vraag na verkoopswerkers in die Dienste- en Finansieringsektor.

TABEL 4.4
 VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN ASIËRARBEDI IN DIE RSA VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE
 JAAR 1980
 (a) Mans

Onderwyspeil	Aanbod	Vraag volgens		Verskil	
		Mannekrag	Mannekrag en Sensus	Mannekrag N	Mannekrag en Sensus %
1	680	2209	2598	- 1529	- 225,8
2	39500	46346	46380	- 6846	- 17,3
3	84465	85715	85199	- 1,5	- 0,9
4	45359	46318	45966	- 959	- 2,1
5	16767	18780	18540	- 2013	- 12,0
6	6584	8040	8437	- 1456	- 22,1
7	3865	4337	4625	- 472	- 12,2
TOTAAL	197220	211745	211745	-14525	- 7,4

(b) Vroue

1	612	660	660	+ 797	+ 56,6
2	18861	18263	18263	+ 843	+ 4,3
3	12158	12265	12265	+ 1299	+ 9,6
4	8250	8110	8110	- 1402	- 20,5
5	2627	3545	3545	+ 900	+ 34,3
6	1254	2095	2095	+ 383	+ 30,5
7	558	747	854	- 189	- 33,9
TOTAAL	45857	45792	45792	+ 65	+ 0,1

(c) Gesamentlik

1	2821	3258	3258	- 732	- 36,0
2	65207	64643	64643	+ 6073	+ 10,3
3	97873	97464	97464	+ 95	+ 0,1
4	54568	54076	54076	- 2337	- 4,5
5	22307	22085	22085	- 2913	- 15,0
6	7838	9677	10532	- 1839	- 23,5
7	4423	5084	5475	- 661	- 14,9
TOTAAL	243077	257537	257537	-14460	- 5,9

4.4 ASIËRS

Tabel 4.4 toon dat 'n gesamentlike tekort van nagenoeg 15 000 Asiërs in die jaar 1980 verwag kan word. Alhoewel daar by die Asiërvroue in die laer onderwyspeile surplusse geraam word, word in die hoër onderwyspeile tekorte van dieselfde omvang geraam, wat beteken dat die tekort aan werkers by die Asiërmans geleë is.

4.4.1 Asiërmans

Volgens tabel 4.4 is 'n tekort van nagenoeg 15 000 Asiërmans in 1980 geraam. Hierdie tekort moet toegeskryf word aan die vinnige ekonomiese ontwikkeling in Natal oor die afgelope aantal jare tot 1971. Die ontwikkeling veroorsaak 'n relatiewe styging in die vraag na Asiërwerkers in vergelyking met Kleurlingwerkers oor die projeksieperiode, 'n tendens wat dan ook verder geprojekteer is.

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings vir Asiërmans:

- (a) Die persentasie ambagsmanne en operateurs het toegeneem.
- (b) Die persentasie administratiewe en klerklike werkers het in al die sektore geweldig toegeneem.
- (c) Die persentasie onderwysers het toegeneem.
- (d) Die persentasie verkoops- en dienswerkers het afgeneem.

Die grootste vraag na Asiërmans is in die Fabriekswese-sektor (38,8%), Dienste- en Finansieringsektor (27,6%) en die Handelsektor (20,1%) wat ongeveer 87 persent van die arbeidsmag dek.

Die tekorte by die hoër opgeleide werkers (onderwyspeil 4 tot 7) is die gevolg van die vinnige toename in die vraag na onderwysers en veral administratiewe en klerklike werkers.

Tekorte by die laer opgeleide werkers (onderwyspeil 3 en laer) kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die vraag na ambagsmanne en operateurs oor die projeksieperiode by die ekonomiese sektore waar die meeste van hierdie groep werkers geëmplojeer word (Fabriekswese) sterk toegeneem het.

4.4.2 Asiërvroue

Die raming toon 'n surplus van Asiërvroue in die laer onderwyspeile, (1 tot 3) terwyl 'n tekort in die hoër onderwyspeil-kategorieë (4 tot 7) in die jaar 1980 verwag kan word. Die deelnamesyfer van Asiërvroue het gedurende die periode 1960-1971 dramaties verander. 'n Veel groter persentasie Asiërvroue bied hul le nou aan vir werk en die algemene onderwyspeil van hierdie groep is betreklik laag (slegs 25% van die vroue in die arbeidsmag beskik oor 'n onderwyskwalifikasie van st.8 en hoër).

Wat beroepsgroepe betref, geld die volgende algemene stellings vir Asiërvroue:

- (a) Die persentasie mediese en paramediese werkers het sterk toegeneem.
- (b) Die persentasie administratiewe en klerklike werkers het, net soos by die Asiërmans, geweldig gestyg.
- (c) Die persentasie ambagsmanne en operateurs het toegeneem.
- (d) Die persentasie onderwyseresse het afgeneem.
- (e) Die persentasie diens- en verkoopswerkers en arbeiders het sterk afgeneem.

Die grootste vraag na vroulike werkers is in die Fabriekswesesektor (51,6%), Dienste- en Finansieringssektor (34,1%) en die Handelsektor (12,5%) wat dus 88 persent van die arbeidsmag absorbeer.

Die tekorte by die hoër opgeleide werkers (onderwyspeil 4 tot 7) is die gevolg van die vinnige toename in die vraag na mediese en paramediese werkers sowel as die groot vraag oor die projeksieperiode na administratiewe en klerklike werkers, veral in die Dienste- en Finansiering- en die Handelsektor.

Alhoewel die vraag na ambagsmanne en operateurs in die Fabriekswesesektor toegeneem het, het die vraag na arbeiders, dienswerkers en veral verkoopswerkers baie afgeneem, met die gevolg dat vir surplusse by die werkers met 'n relatiewe lae onderwyspeil geraam word.

4.5 BANTOES

Tabel 4.5 toon 'n gesamentlike tekort van 191 482 Bantoes in die jaar 1980. Hierdie tekorte kom hoofsaaklik by die Bantoemans voor, aangesien 'n surplus by die Bantoevroue geraam word. Daar moet egter onthou word dat die buitelandse Bantoes nie by die aanbod in berekening gebring is nie.

4.5.1 Bantoemans

Volgens tabel 4.5 word daar 'n tekort van 319 719 Bantoe-
mans in 1980 geraam. Daar word geraam vir 'n surplus aan Bantoe-
mans met een of ander skoolopleiding, terwyl 'n tekort aan diege-
ne met geen skoolopleiding aangedui word.

Die grootste vraag na Bantoemans in 1980 word geraam in
die Landbousektor (36,8%), Fabriekswesesektor (16,0%), Mynwese-
sektor (13,8%) en die Dienste- en Finansieringsektor (12,3%),
wat dus nagenoeg 80 persent van die totale Bantoe-manlike
arbeidsmag uitmaak.

Indien die beroepsgroepe in hierdie vernaamste ekonomiese
sektore ontleed word, word gevind dat:

- (a) Die persentasie boere en plaaswerkers neem toe.
- (b) Die persentasie ambagsmanne en operateurs neem toe.
- (c) Die persentasie arbeiders, behalwe by die Mynbpu=
sektor waar daar 'n honderd persent verhoging was, neem af.
- (4) Die persentasie huisbediendes neem af.

Die raming in die aanbod van arbeid volgens onderwyspeil
berus op die aanname dat die onderwyspeil vir die projeksie=
periode teen dieselfde tempo as in die periode 1960-1970 sal toe-
neem. Dit beteken 'n groot toename van Bantoes met een of ander
skoolkwalifikasie.

Die buitelandse Bantoes werk hoofsaaklik as arbeiders in
die Mynbousektor waar geen skoolopleiding verlang word nie. Die
vraag na arbeiders in hierdie sektor het juis van 4,4 persent
in die basisperiode na 'n geraamde 8,8 persent in die projeksie=
periode toegeneem. Die feit dat ongeveer 450 000 buitelandse
Bantoes wat in 1970 in die RSA werksaam was, nie by die raming
van die aanbod ingesluit is nie, verklaar moontlik die tekort
aan Bantoemans met geen skoolopleiding nie. 'n Ander belangrike
sektor in die indiensneming van dié tipe arbeid is die Landbou=
sektor. As in aanmerking geneem word dat 'n groot toename van
Bantoes met een of ander skoolkwalifikasie by die raming van
aanbod geprojekteer is, kan tekorte by dié onderwyspeil moontlik
ontstaan.

Die geraamde surplusse van gegradueerdes en gediplomeerde
Bantoes is onbeduidend. Alhoewel daar geraam word vir 'n aanmerk-
like styging in die getal ambagsmanne en operateurs en geskoolde
werkers, is hierdie toename nie genoegsaam om die beskikbare
mannekrag te absorbeer nie. Die meeste van hierdie beroepsgroep

TABEL 4.5
 VERBELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN BANTOEARBEID IN DIE RSA VOLGENS ONDERWYSPLEIL IN DIE
 JAAR 1990
 (a) Mans

Onderwyspeil	Aanbod	Vraag volgens		Verskil	
		Mannekrag	Mannekrag en Sensus	Mannekrag N	Mannekrag en Sensus %
1	1622759	225637	2259277	-602878	-37,2
2	2305679	2289013	2278292	+16666	+0,7
3	717454	563459	550678	+153995	+21,5
4	241165	148775	141898	+92390	+38,3
5	42470	23736	22143	+18734	+44,1
6	8436	7966	6571	+470	+5,6
7	2540	1636	1363	+904	+35,6
TOTAAL	4940503	5260222	5260222	-319719	-6,5

(b) Vroue

1	970714	725712	732683	+245002	+25,2
2	1064566	1144200	1149053	-79634	-7,5
3	379828	395899	393707	-16071	-4,2
4	134083	151278	143246	-17195	-12,6
5	13312	15408	14287	-2096	-15,7
6	2812	4455	3991	-1643	-58,4
7		126	111	-126	-111
TOTAAL	2565315	2437078	2437078	+128237	+5,0

(c) Gemengtlik

1	2593583	2951349	2991960	-367266	-13,8
2	3370376	3433213	3427345	-62837	-1,9
3	1097335	959358	944385	+137977	+12,6
4	375259	300050	285144	+75206	+20,0
5	55782	39144	36430	+16638	+29,8
6	10943	12421	10562	+1478	+13,5
7	2540	1762	1474	+778	+30,6
TOTAAL	7905818	7697300	7697300	-191482	-2,6

werk in die Fabriekswesesektor en soos voorheen gemeld, is die styging in die vraag in hierdie sektor egter relatief klein.

4.5.2 Bantoevroue

Tabel 4.5 toon 'n globale surplus van 128 237 Bantoevroue in die jaar 1980 wat hoofsaaklik afkomstig is van die vroue wat geen skoolopleiding geniet het nie, aangesien tekorte geraam word by die vroue wat wel een of ander skoolopleiding ontvang het.

Die grootste vraag na Bantoe-vroulike arbeid is in die Dienste- en Finansieringsektor (50,0%) en die Landbousektor (41,7%) wat dus nagenoeg 92 persent van die Bantoe-vroulike arbeidsmag absorbeer.

Die geraamde oorskot van Bantoevroue met geen onderwys- kwalifikasie nie moet toegeskryf word aan die groot styging in die deelnamesyfer gedurende die periode 1960-1970 wat hoofsaaklik op 'n definisieverandering van ekonomiese bedrywigheid in die Landbousektor berus. Syfers toon dat daar in 1970 meer as 600 000 vroue in die Landbousektor as ekonomies bedrywig geklassifiseer is.

Die tekorte aan Bantoevroue met een of ander onderwys- kwalifikasie moet toegeskryf word aan 'n styging in die vraag na vroue as werkers in die klerklike beroepe, dienswerkers, operateurs en veral verkoopswerkers.

4.6 GEVOLGTREKKINGS

Die resultate van hierdie studie is die gevolg van die konserwatiewe projeksie van tendense van verandering wat in die deelnamesyfers, die beroepstruktuur en onderwyspeilsamestelling van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag vir die tydperk 1960-1971 plaasgevind het.

Die vergelyking tussen vraag en aanbod (tabel 4.1) toon dat sommige van die tendense van die verlede net nie meer gedurende die projeksieperiode (1972-1980) sal kan voortduur nie. Die geprojekteerde verskille tussen vraag en aanbod in sommige kategorieë is daarvoor te groot. Voorbeelde van hierdie groot verskille is byvoorbeeld die geprojekteerde tekorte aan Blanke en Kleurlingvroue. Die projeksies word ook beïnvloed deur die ingewikkelde wisselwerking tussen die volksgroepe en geslagte. Dit is duidelik uit die voorgaande paragrawe van hierdie hoofstuk dat in meeste van die beroepsrigtings waar die relatiewe deelname van die Blankes besig is om af te neem, die bydrae van die Nie-Blankes toeneem. Hierdie neiging is veral by die Kleurlinge en Asiërs waar te neem.

Die beroepsprojeksies vir Blanke mans lewer 'n vraag van 28 tot 30 persent van die Blanke-manlike arbeidsmag in die beroepsgroepe professioneel, semi-professioneel, tegnies en bestuurend-uitvoerend in 1980. Die groot vraag na hierdie persone is dan ook die oorsaak van die geraamde tekorte aan persone met na-st. 10-opleiding. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die Blanke arbeidsmag aan hierdie vraag sal kan voldoen. Dit is te betwyfel of enige volk die potensiaal het om soveel van sy arbeidsmag in hierdie twee beroepsgroepe te laat opneem. Indien persone in poste aangestel word waarvoor hulle nie geskik is nie, is die gevolg 'n verlies aan produktiwiteit. Daar is 'n maksimum waartoe die Blanke arbeidsmag in staat is. Hierdie punt is nog nie gekwantifiseer nie, maar daar moet op gewys word dat die persentasie Blankes in hierdie poste reeds hoër is as in die meeste geïndustrialiseerde lande van die Weste. In die VSA was die persentasie in 1972 byvoorbeeld slegs 25 persent terwyl dit in die Verenigde Koninkryk en Australië onderskeidelik 14 en 17 persent in 1966 en 1971 respektiewelik was (26). Die vraag ontstaan nou hoe hierdie tekorte die hoof gebied kan word. Moontlikhede wat al genoem is, is

(a) herstrukturering van die arbeidsmag wat groter gebruik van Nie-Blankes toelaat en sodoende Blankes vir gebruik in ander poste vrystel

(b) groter gebruik van Blanke vroue

(c) verhoogde immigrasie

(d) 'n laer ekonomiese groeikoers.

Hierdie moontlikhede verdien 'n kort bespreking aan die hand van die inligting wat in hierdie verslag en in deel I (22) aangebied is.

Die tydperk 1960-1970, veral die laaste gedeelte van dié dekade, is gekenmerk deur vry algemene tekorte aan veral Blanke-manlike werkers. As 'n gevolg hiervan is Blanke vroue op groot skaal in diens geneem. Die stygende deelnamesyfers vir vroue is 'n duidelike bewys hiervan. In deel I van die studie (22) is vir 'n groter deelname van vroue in die arbeidsmag voorsiening gemaak. As gevolg van die verandering van die Blanke bevolking, is die gemiddelde deelnamesyfer egter relatief konstant en word dit in 1980 nog op 35,5 gestel (22 p. 25). Die deelnamesyfer van vroue sal waarskynlik slegs noemenswaardig verhoog kan word indien veel meer deeltydse poste geskep word as wat tans die geval is. Werkgewers sien egter nog steeds baie probleme met die skepping van deeltydse poste (25). Tabel 4.2 toon dat geraam word vir 'n tekort van byna 60 000 vroue in 1980. Om hierdie 60 000 vroue uit die vroulike bevolking te trek, beteken

dat die deelnamesyfer van vroue van ongeveer 36 persent na 43 persent sal moet vermeerder, 'n styging van ongeveer 7 persent. Dit is onwaarskynlik dat vroue op hierdie skaal na die arbeidsmag onder andere vanweë die huidige belastingstelsel, gebrek aan deelydse werk en die vereistes van gesinsversorging, gelok sal kan word. In 'n RGN-studie oor getroude gegradueerde vroue in die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-gebied (23) is aange=toon dat vroue wat voltyds wil werk, reeds werk.

Om die verwagte tekorte in genoemde beroepsgroepe te verlig, is dit dus nodig dat met die huidige immigrasiebeleid voortgegaan sal word, dat meer vroue in deelydse poste aange=stel word en die opleiding van Nie-Blankes in die professio=sionele, semi-professionele, tegniese en bestuursrigtings toenemend aandag moet kry. Hierdie opleiding moet selektief wees, want die gemeenskapsgebruike kan nie oornag verander nie en om Nie-Blankes op te lei in poste waar hulle om een of ander rede nie gebruik kan word nie, is om frustrasies te skep. Binne die raamwerk van die huidige beleid sou dit waarskynlik wenslik wees om hierdie pogings in die gedentraliseerde gebiede en tuislandgroeipunte te konsentreer.

Tabel 4.2 toon verder dat die projeksie van die tendense uitloop op 'n raming van 'n oorskot van Blanke mans met 'n sub-st. 10-peil. In deel I van die studie (22) is aangetoon dat die onderwyspeilstyging van Blankes baie konserwatief geraam is en dat uitgegaan word van die standpunt dat die onderwyspeilstruk=tuur van die Blankes 'n plafonwaarde nader. Hierdie aanname mag verkeerd wees, veral in die lig van die nuwe stelsel van gedif=ferensieerde onderwys.

Dit is egter ook so dat werkgeleenthede vir Blankes met 'n lae onderwyspeil en geen beroepsopleiding nie, skaars begin word (kyk tabel 4.2). Die vraag na Blanke ambagsmanne bly egter redelik konstant, met ander woorde in absolute getalle neem dit toe. Nie-Blanke verkoopters, laevlak klerke en vervoer=werkers word in toenemende mate in diens geneem. Hierdie beroepe is almal beroepe waarin Blankes met 'n relatief laer onderwyspeil in die verlede in diens geneem is. Daar is ook geen rede om te vermoed dat, gegewe die besoldigingstruktuur, die neiging om Nie-Blankes in die beroepe te gebruik in die toekoms gaan ver=ander nie.

Die raming toon 'n tekort aan Bantoearbeid. Hierdie te=korte is tot die mans beperk en dan ook net tot onderwyspeil een. In al die ander kategorieë word 'n oorskot aan arbeid aan=getoon. Die geraamde tekort ontstaan omdat die ongeveer 450 000

vreemde Swart werkers wat in 1970 in die RSA werksaam was nie by die raming in berekening gebring is nie. Aangesien die oorgrote meerderheid van Bantoes wat geen skoolopleiding het nie in die mynweese en landbou aangetref word, sal dit veral hierdie sektore wees wat getref gaan word indien vreemde werkers nie meer vir die Suid-Afrikaanse huishouding beskikbaar is nie. Weliswaar word oorskotte in die ander onderwyspeilkategorieë aangedui, maar dit gaan waarskynlik nie so maklik wees om 'n herkanalisering van arbeid te bewerkstellig nie. Navorsing van die RGN onder die Tswana (24) het getoon dat mynwerk en plaaswerk redelik onpopulêr is en dit geld waarskynlik vir ander Bantoevolke ook. Die Swartman is ook redelik goed bekend met die heersende loonepele in verskillende soorte werk, terwyl die geldwaarde van sekere byvoordele miskien nie altyd genoegsaam in berekening gebring word nie. Verder is aangetoon dat Tswanawerksoekers verkies om vir betreklik lang tye, tot ses maande en meer, werkloos te wees eerder as om werk te aanvaar waarvan hulle nie hou nie.

Die groot oorskot aan Bantoevroue met geen skoolopleiding, is hoofsaaklik die gevolg van 'n definisieverandering van ekonomiese bedrywigheid in die Landbousektor en moet daarom nie as 'n ernstige gebrek aan werkgeleentheid vir hierdie kategorie werkers vertolk word nie.

Soos uitgewys, word geraam vir 'n oorskot aan Bantoearbeid met een of ander vorm van skoolopleiding. Dit beteken dat 'n basis vir opleiding in 'n verskeidenheid van beroepsrigtings wel reeds bestaan of besig is om tot stand te kom. Uit RGN-navorsing het geblyk dat sterk beroepsaspirasies besig is om onder Swart mense pos te vat en dat beroepsmoontlikhede by die keuse van werk in aanmerking geneem word (24). Die omvang van die geraamde oorskotte wys op een van die grootste mannekragprobleme van die RSA, naamlik die skepping van genoeg werkgeleenthede vir 'n vinnig groeiende Swart bevolking met 'n redelike peil van onderwys.

Om Swart werkers te vind om op te lei in sommige van die areas waarin tekorte aan Blankes ondervind word, is dus waarskynlik moontlik. Sodanige optrede sal ook inhou dat herreëlings van arbeidsmaatreëls getref sal moet word. Weer eens wys dit op die belangrikheid van gedesentraliseerde groei waar dit waarskynlik makliker gaan wees om nodige arbeidsreëlings op 'n geografiese grondslag te tref.

Die raming toon 'n tekort aan Bantoevroue met een of ander vorm van skoolopleiding. Hierdie raming is die gevolg van 'n vinnige toename in die insiensneming van Bantoevroue in 'n verskeidenheid van beroepe waarvoor 'n vorm van skoolopleiding wens-

lik is. 'n Sekere mate van substitusie tussen mans en vroue sal wel moontlik wees, alhoewel baie Swart werkers besliste menings daarop nahou oor wat vrouewerk is en wat nie. Die geraamde tekort moet dus nie as 'n werklike knelpunt in die voorsiening van arbeid gesien word nie. Die oorskot aan mans is in die meeste kategorieë heelwat groter as die tekort aan vroue.

Streekverskille in die ekonomiese ontwikkeling van die RSA blyk uit die projeksies. Die vinnige ontwikkeling in Natal en 'n relatief stadige ontwikkeling in die Wes- en Oos-Kaap verorsaak tendense wat uitloop op die projeksie van 'n tekort aan Asiër- en 'n ooraanbod van Kleurlingwerkers. Ten spyte van die probleme met die beskikbaarheid van grondstowwe, vervoer en markte moet gepoog word om, uit 'n mannekragoogpunt, gebalanseerde streekontwikkeling te bewerkstellig. Die ontwikkeling in die Noord-Kaap en Saldanha is daarom te verwelkom. Daar moet egter onthou word dat die aard van die werkgeleentheid en die aanvaarding of verwerping daarvan deur 'n bevolkingsgroep, berekeninge kan laat klop of in die war kan stuur. As 'n voortsetting en uitvloeisel van die desentralisasiebeleid moet arbeidsreëlings op 'n streekgrondslag oorweeg word.

4.2 SLOTOPMERKING

Die gevolgtrekkings waartoe in die studie geraak is, is nie geskik en ook nie bedoel vir die gebruik in gedetailleerde mannekragbeplanning nie. Die studie het nie antwoorde op vrae soos "hoeveel vakleerlinge, ingenieurs, medici ensovoorts moet ons jaarliks oplei?" nie. 'n Studie van hierdie aard sal ook nooit antwoorde op soosnagte vrae kan gee nie. Die omvang van die werk om 'n globale studie van hierdie aard te maak, spreek duidelik uit hierdie verslag met sy bylêe. Hierdie studie bied egter die noodsaaklike raamwerk waarbinne die studies oor individuele beroepe of beroepsgrade onderneem kan word. Daarbenewens is die tendense wat aangetoon is, insiggewend.

Daar word ook beseft dat die projeksietodes meganisties van aard is en dat die wisselwerking tussen veranderlikes nie gesinsgesam in aanrekening geneem is nie. As daar egter nie op hierdie vold gewerk word nie, sal daar ook nie vordering wees nie. Hierdie studie is nie 'n poging om die toekomstige realiteit nou te rekonstrueer nie, maar is 'n poging om aan te toon waarheen sake op die mannekragterrein neig, indien die tendense van die verlede sou voortgaan. Hierdie benadering bied vir die huidige waarskynlik die beste moontliknede vir sinvolle resultate.

Om hierdie soort studies te verbeter is dit nodig dat hulle gemodelleer word, sodat nuwe inligting baie gouer ingewerk en daar gekontroleer kan word. Hierdie modelle sal hulle by uitstek leen tot beantwoording van vrae van die soort "wat sal gebeur as ...". Met hierdie taak is die Instituut vir Mannekragnavorsing tans besig.

CHAPTER 5

COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF MANPOWER IN THE RSA IN THE YEAR 1980

5.1 INTRODUCTION

In the first part of this study (22), which has already been published, a forecast was made of the size of the labour force (supply of manpower) of the RSA for each population group according to age and sex for 1980, 1990 and the year 2000. A calculation was also made of the educational level which this supply will have in 1980.

In this part of the study (Part II) a forecast has been made of the demand for labour for the various population groups according to occupation, sex, economic sector and level of education for the year 1980. The demand for and supply of manpower in the RSA may be compared on the basis of educational level.

In this chapter of the report the result of the estimate of the demand for and supply of manpower is discussed. For the interpretation of the data, however, it is necessary that the main premises be mentioned and the reasons for certain apparent peculiarities in the figures be explained briefly.

It should be emphasised that this study by no means attempts to be prophetic, i.e. it is NOT estimated what the manpower situation will be in 1980, but an attempt is made to indicate what may happen if the tendencies of the 1960-1971 period should continue. Any changes in the economic climate, government policy, pressure brought to bear on certain sectors of the economy and changes in the demand for certain population groups and sexes, will naturally tend to influence these trends.

On the one hand the normal interaction between demand and supply should be accepted, but it should also be realised that the labour market, in an economical sense, is a particularly defective and imperfect market.

